Lêer verw/
File ref: 15/3/4-15/Farm_554/06

Navrae/Enquiries:
Ms D N Stallenberg

16 Maart 2021

C K Rumboll & Vennote
Posbus 211
MALMESBURY
7299

Meneer

**APPèL: AFWYKING (TYDELIK EN PERMANENT) OP GEDEELTE 6 VAN PLAAS JACOBUSKRAAL NO. 554, AFDELING MALMESBURY**

Bogenoemde appèl verwys.

U word hiermee ingevolge paragraaf 91(11) van Swartland Munisipaliteit : Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK8226 van 25 Maart 2020) in kennis gestel van die uitslag van voormelde appèl, welke appèl van die hand gewys word.

Die Appèlowerheid was op Woensdag 22 Februarie 2021 byeen en is daar -

**"EENPARIG BESLUIT (22 FEBRUARIE 2021)**

(a) Dat die appellant/aansoeker skriftelik bevestig dat daar nie van die geleentheid gebruik gemaak sal word om die Appèlgesag toe te spreek nie;

(b) Dat die appèl nie op datum beslis sal word nie;

(c) Dat indien die appellant/aansoeker nie van die geleentheid gebruik sal maak om die Appèlgesag toe te spreek nie die betrokke partye op 'n latere stadium van die uitslag van die Appèlgesag in kennis gestel sal word.

**BESLUIT (8 MAART 2021)**

(d) Dat kennis geneem word van die inhoud van die evaluering van die appèlle, met spesifieke verwysing na PAJA, en dat die Appèlgesag eens is dat die beginsels van regsgeldigheid nagekom is;

(e) Dat daar volstaan word met die inligting soos voorgehou tydens die vergadering van die Appèlgesag op 22 Februarie 2021;

(f) Dat, in ag genome die evaluering van die appèl deur die Gemagtigde Amptenaar soos uiteengesit in Aanhangsel A tot die verslag, daar volstaan word met die besluit van die Gemagtigde Amptenaar gedateer 2 November 2020, saamgelees met die redes soos voorsien in die evaluering van die appèl;

(g) Dat die appèl ontvang vanaf C K Rumboll en Vennote gedateer 1 Desember 2020 derhalwe van die hand gewys word.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

/ds